

# Rabbi Jesus glo op 'n wolk weg hemel toe

## Godsdiensverslaggewer

JERUSALEM. - Dissipels van die oorlede rabbi Jesus beweer dat hulle meester gister opgevaar het na die hemel nadat hy van hulle afskeid geneem het.

Rabbi Jesus is sowat ses weke gelede tereggestel, maar sedertdien het daar hardnekkig gerugte die ronde gedoen dat hy nie dood is nie en aan sy dissipels verskyn het. Gister het hy hulle glo vir oulaas uit die stad uitgelei en by Betanië hier naby gegroet. Toe het hy die lug in opgestyg, totdat 'n wolk hom uit die gesig laat verdwyn het.

Godgeleerdes in Jerusalem het hulle skok en verontwaardiging oor die jongste berigte uitgespreek. Hoëpriester Kajafas het gesê dit is louter onsin. “Dis eintlik 'n dubbele leuen: eerstens is Jesus lankal dood en begrawe; en tweedens gaan mense nie lewend hemel toe nie. Ons weet net van twee persone met wie dit gebeur het: Henog, en die profeet Elia. En hulle was albei bekend daarvoor dat hulle baie naby God geleef het. Selfs vir Moses was dié eer nie beskore nie. Dat nou beweer word dat so iets met 'n gewone sterfling gebeur het, is eintlik heiligs kennis. Maar in elk geval kan 'n spook seker enige iets regkry?”

Bybelkoerant is huiwerig om van 'n vermaarde Godsman soos ons geëerde hoëpriester te verskil, en daar is uiteraard geen bewyse om die dissipels se bewerings te staaf nie. As die “hemelvaart”, soos Jesus se dissipels dit noem, egter uit hulle duim gesuig is, is dit moeilik om hulle byna uitbundige blydschap te verstaan. Dit is immers slegs ses weke sedert hulle geliefde meester dood is.

- Lees hiervan in [Luk. 24:50-53](#).

---

## Om oor na te dink

Dat 'n gewone mens van vlees en bloed, soos Elia ([2 Kon. 2](#); en ook Henog in die oertyd, [Gen. 5:21-24](#)), lewend die hemel kon invaar, laat 'n mens half jaloers.

Moenie jaloers wees nie. Ons gaan immers ook daar uitkom! Want of ons “poort” na die hemel nou ’n stormwind is, en of dit die dood is, maak nie ’n verskil aan die feit dat ons ook daar gaan woon nie. Dít is immers Jesus se boodskap aan sy dissipels in [Joh. 14:1-3](#): Hy is hemel toe om vir ons plek te maak. En op sy tyd kom Hy ons haal, sodat ons by Hom in die Vaderhuis kan wees.

Dit is natuurlik nie al wat Jesus in die hemel gaan maak het nie. Hy het ook gegaan om vir ons as Voorspraak in te tree by die Vader. [Rom. 8:34](#) sê: “Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”

Die wonderlikste is egter dat Hy aan die regterhand van die Vader sit, sodat Hy vanuit die hemel kan regeer! Jesus se hemelvaart was niks anders nie as sy troonsbestyging. Ons het ’n Koning in die hemel wat oor ons regeer, wat jaloers oor sy kerk en sy volgelinge – oor jou! – waak.

Die duiwel wil graag die indruk skep dat hierdie wêreld syne is, dat hy hier die hef in die hand het. Wie in Christus glo, weet egter van beter. Daar is net één ware Koning, Hy wat die Naam ontvang het wat bo elke naam is ([Fil. 2:9-11](#)). Hy het reeds die duiwel oorwin op Golgota. Hy swaai die septer. Ook oor jou lewe.